# GENERALE MISSIVE

***Nuusbrief van die Stigting VOC 1/12***
***Newsletter of the VOC Foundation***

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.* Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Mnr B. de Vries (Lidmaatskap, Finansies /*Membership, Finance.*) boudewyn@mweb.co.za; Tel.: 021-851-3850.

---

*Welaen Vrunden!*

Die bestuurskomitee wens al ons lede ’n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar toe. 2012 is ons sewentiende bestaansjaar, en ’n vol, ingewikkelde bewaringsprogram lê voor. Ons het tans agt projekte aan die gang. As ons vorentoe kyk, is dit na ’n moeilik-wordende wêreld, waar elke bewaringsgesinde se hulp nodig is. As ons terugkyk, is dit met trots op wat ons bereik het. Daarvoor dank ons ons toegewyde lede, die oues en die nuwes.

’n Hartlike verwelkoming aan nuwe lid, dr Daan Ribbens van Nuweland. Mag jou verbintenis met die Stigting lank, gelukkig en wedersyds voordelig wees.

**Algemene Jaarvergadering**. U vind die kennisgewing van ons 17de Algemene Jaarvergadering met drie belangrike bylaes aan die einde van dié *Generale Missive*. Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op 16 Februarie 2012. Ons stuur dit vroegtydig, vir u om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om by die A.J.V. tyd te spaar. Bring dit asseblief daarheen saam. Bring ook vriende wat in die VOC-tydperk belangstel en wat moontlik lede van hierdie Stigting wil word. Ons is ’n unieke vereniging wat nuttige, praktiese opvoedings- en bewaringswerk doen. Op die Bestuurskomitee is ’n vakature vir ’n notulesekretaris. Dit is ’n klein maar belangrike (noodsaaaklike!) taak en ons vra dat goeie mense vorentoe kom en hulle diens aanbied. Kom versterk die Stigting met u belangstellings en vaardighede. Dit is die ideale geleentheid om aktief by te dra tot erfenisbewaring en -opvoeding in die Wes-Kaap.

**Uit die Argief:**
Kom ons kyk effens terug, om te sien waarmee ons voorvaders ’n honderd, tweehonderd, driehonderd en vierhonderd jaar gelede besig was:

In Maart 1912 sterf Scott en sy poolvaarders op Antarktika. In April vergaan *Titanic* in die Noord-Atlantiese oseaan met die verlies van 1590 lewens.

In 1812 verklaar die Kaapse goewerneur (Sir John Cradock) oorlog teen die Xhosas, na die moord op landdros Anders Stockenström en agt Suurveldse boere. Oos van Uitenhage was slegs een plaas toe nog bewoon. Kolonel Graham rapporteer dat hy 20 000 Xhosas terug oor die Visrivier gedryf het; sy basiskamp kry die naam Graham’s

Town. In Europa neem Napoleon die Pous gevange en ontvoer hom na Fontainebleu. Op 15 September kom Napoleon in Moskou aan, en vind dit leeg, verlate, brandend.

Op 2 Januarie 1712 is goewerneur Louis van Assenburgh (51 jaar oud), in die Groote Kerk se kelder begrawe, na ’n lang optog van die Kasteel af met ampsdraers met sy degen, handskoene, wapenrok, harnas, spore, en ryperd agter die kis en na hulle die roubeklaers. Sekunde Willem Helot, as waarnemende goewerneur, onthaal die begrafnisgangers ‘*van eenig rangh*’ in die Kasteel. Op 2 Junie 1712 word Moses van Bengale oor brandstigting veroordeel om verbrand te word – die eerste keer dat die straf aan die Kaap voorkom. Op 24 Junie sterf Simon van der Stel (72 jaar oud) op *Constantia*. In Desember word 21 slawe na ’n slawe-opstootjie in New York veroordeel om eers geradbraak en dan verbrand te word.

In 1612 kom kaptein Thomas Best van die Engelse Kompanjie in Tafelbaai, met die skepe *Dragon, James* en *Solomon.* Hy vertrek op 28 Junie, en skryf in sy joernaal (Ek moderniseer sy spelling): *‘The 28 June went to sea, having stayed here 21 days and bought for the three ships 39 beefs and 115 sheep with a little brass which we cut out of two or three old kettles. The sheep we bought for small pieces of thin brass, worth some penny or three halfpence each; the beefs with brass cut out of kettles to the value of 12 pence for a beef. It is a place of great refreshing, for besides your beef and mutton, there is great plenty of good fish, and fowl of many sorts, great store of fat deer (but we could kill none), very excellent rivers of fresh water, and a healthful and good air. I landed 80 or 90 sick men and lodged them in tents for 18 days and they all recovered their health, only one died. This bay is a good road…(stead).*Vreemd is die natuur inderdaad, want statisties is Junie die rampmaand vir seilskepe in Tafelbaai, en hier kuier die Engelse asof dit somer is. Wat onveranderd voortgaan is die genadelose uitbuiting van die inwoners deur hartelose handelaars. [Uit A.J. Böeseken: *Die Nuusbode*. Kaapstad, g.d; R. Raven-Hart: *Before van Riebeeck*. Cape Town, 1967.

**Naamsverandering, Rockview Dam na Dorha Dam:** Ons het in Oktober 2010 ons gemotiveerde aansoek saam met die sertifikate van openbare deelname van die dorpsbestuur Grabouw en die hoofde van die Chainouqua Stam aan die Minister van Waterwese gestuur vir oorweging. Na veertien maande is geen antwoord nog ontvang nie. Komiteelid Nico Walters sal hulle nou persoonlik nader.

**VOC-seetaal.** Soos die natuur word taal bedreig deur ruimteverlies en besoedeling. Die VOC het die Nederlandse taal Kaap toe gebring, en ook Maleis, Portugees en Frans waarmee Nederlands gespesery is om te ontwikkel tot Afrikaans. (Die Koina-bydrae alleen is van plaaslike oorsprong). Nou nooi die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) op Stellenbosch die publiek om woorde te laat aanteken teen R100,00 per woord. Ons Kaapse Argiefstukke wemel van seetaal wat heelwaarskynlik onbekend is aan moderne leksikograwe. Ek het gewonder of ons, die Stigting, of entoesiastiese individuele lede, nie woorde ter wille van bewaring moet aanstuur nie, sodat alle skrywers dit met vrymoedigheid kan gebruik om ’n teks te verryk, sonder dat redakteurs daarby skryf ‘argaies!’ of ‘wat word hier bedoel?’ Glo my, ek het ondervinding daarvan.

Hier is enkele voorbeelde waarvoor daar geen ekwivalent in Afrikaans bestaan nie en dus gebruik moet word (prakties nuttig): Die seil se *lyk* was nog gesond genoeg vir hergebruik. Die balk het uit die tou se *leng* gegly en na die bodem gesink. Waar die skip vergaan het was net 'n kol *vleet* op die water. Die sterk dwarswind het veroorsaak dat die skip 'n halfdag se *wraak* moes inhaal. Ensovoort. Enige advies, geagte lede? Die kruipende veronnoseling van die wêreld is internasionaal, en dit raak ons bewaringstaak ernstig.

**Stigtingsdag, Kaapstad se verjaardag**. Die VOC se ontstaan was soos die oerknal, wat geweldige positiewe en negatiewe kragte vrygestel het. 6 April 1652 was 'n dag van begin en van einde, myns insiens die datum van die VOC se grootste enkele impak op die wêreld. Ons gaan vanjaar weer die geleentheid in kleurvolle styl in die Kasteel herdenk. Jan van Riebeeck het ons gevra om dit te doen. Lees wat hy skryf: '*Aprilis Anno 1654, 6en ditto*: ... *Heden voor de twede mael jarich sijnde dat wij door Godes H. geleyde met de scheepen Drommedarus (*sic*), Reyger ende Goede Hoop hier ter plaetse behouden sijn aengelandt omme dese fortresse ende colonie nae d' ordre onser Heeren Meesters op te maeck ende stabileren, ende gemerckt Godt de Heere alle die saecken tot den dach van heden met veele segeningen wel ende gewenscht heeft laeten succederen ende voltrecken, soo hebben beslooten, ende oock voor de eerste reyse begonnen, desen dach, den 6en April wesende, tot Godes eere met dancksegginngen te vieren ende voor altijt tot een vastblijvenden danck- ende bededach in te stellen, ten eynde daerbij des Heeren weldaeden aen ons bewesen, bij ons naecomelingen noyt vergeten, maer altijt tot Godes eere ter gedachtenisse in memorie gehouden mogen worden.*'[Deur my onderstreep] (D. B. Bosman en H.B. Thom (reds.): *Daghregister gehouden by .... J.A. van Riebeeck, deel 1*, pp. 213, 214.)

Ons het reeds met Regiment W.P oor die moontlikheid van samewerking geskakel**.** Teken Stigtingsdag, 31 Maart 2012 solank op kalenders en dagboeke aan, en maak reklame waar u kan. Volle besonderhede in ons volgende nuusbrief.

**Ms '*Die VOC aan die Kaap*.'** Redakteur Con de Wet laat weet dat net een hoofstuk van ons Stigting se beplande boek oor die VOC se 143-jarige bestuur en wanbestuur van die Kaap nog uitstaande is. Ons kan dus verwag dat dit teen die einde van die jaar sal verskyn.

**Ledegeld.** Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou en ook vroeg betaal. Dit vergemaklik ons Tesourier se boekhouding aansienlik. Die Tesourier vra dat die wat kan hulle ledegeld elektronies inbetaal (ABSA 9258840691.) Spesiale dank aan u wat vanjaar vrywillige donasies ingesluit het; dit is altyd welkom; die Stigting het dit nodig en dit word baie waardeer. Die komitee vind dit noodsaaklik om die ledegeld vir vanjaar tot R90 per persoon per jaar te verhoog, om tred te hou met verhoogde posgeld, uitgawes in verband met ons webwerf, ens. Dit bly steeds van die laagste jaarlikse ledegeld vir 'n bewaringsinstelling soos ons s'n. Vul asseblief die besonderhede in op die vormpie wat u aan die einde van dié Nuusbrief vind, en bring dit met u ledegeld saam na die AJV op 16

Februarie. Die Tesourier sal vroeg by die AJV met sy kwitansieboek te vind wees, gereed om ledegeld te ontvang en ons nuwe lapelspeldjies aan lede te verkoop. (R70 elk). Dit is die ideale geleentheid; betaal die man eenmaal en klaar. Ons onaktiewe lede kan hulle ledegeld beskou as ’n waardevolle bydrae tot erfenisbewaring. Intussen gaan ons voort om, om na twee persoonlike aanmanings, name van lede wat agterstallig raak van ons adreslys te verwyder.

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2012.**
Die sewentiende Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind plaas om **17:00** op **Donderdag, 16 Februarie 2012** in die kelder van die Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop. Parkering: Gratis, tussen bastionne Leerdam en Oranje, uit Darlingstraat.)

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering:**

1. Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (moet vóór Vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
3. Teenwoordig.
4. Kennisgewing van Afwesigheid.
5. Notule van Vorige AJV, 2011. (Sien Bylae A.)
6. Voorsitter se Jaarverslag, 2011. (Sien Bylae B.)
7. Finansiële Verslag, 2011. (Sien Bylae C.)
8. Verkiesing van Uitvoerende Komitee.
9. Projekte vir 2012. (Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir goeie, nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte te maak, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As ’n voorstel aanvaar word, kan hulle op die uitvoerende komitee se steun staatmaak. Agt (tien) projekte is reeds onder hande (a) Stigtingsdag, jaarliks (b) Ms *Die VOC aan die Kaap* (c) Naamsverandering Rockview Dam na Dorha Dam. (d) Bewaring en replikasie van VOC-baken, Geelbeksfontein. (e) VOC-inligtingsborde in SAN Weskuspark. (f) Deproklamasie van s.g. Van Riebeeck- heining. (f) Verandering van straatname. (g) Uitstappies.(h) **Meermin-model (i) Inligtingsborde in Kaapstad.**
10. Bykomende Sake.
11. Gasspreker. Mnr Ebrahim Rhoda: “Die ontstaan van die Muslim-gemeenskap in die Strand in die Negentiende Eeu.” (Skyfievertoning.)
12. Afsluiting.
13. Sosiaal en Heildronk.

Ons hoop om al ons lede by die Algemene Jaarvergadering te sien, om mnr Rhoda te verwelkom. Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir ’n sosiale halfuurtjie; so gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: ‘*Huis van Oranje!*’ Dit is nie nodig om dié keer iets vir die heildronk saam te bring nie. Die

volgende borge maak dit moontlik: **De Oude Compagniespost, Lourensford landgoed, Asara Kelder, Etienne Leriche.** Ondersteun hulle asseblief, soos hulle ons Stigting help.

**Dringende oproep om vrywilliger:**

Ons Stigting is aan u bekend; ons is vrywillige, onbetaalde bewaringsgesindes wat probeer om die fisiese en geestelike erfenis wat onder die VOC (1602 – 1795) bestaan of ontstaan het, te beskerm, die voortbestaan daarvan te verseker, inligting daaroor bekend te maak en verwante kultuurtoerisme te bevorder.

Ons het ’n aktiewe Voorsitter en uitvoerende komittee van tien lede, maar geen sekretaris nie. Vantevore kon ons klaarkom met ’n notuleklerk wat beurtelings waargeneem het, maar ons het dit ontgroei. Nie net het ons praktiese bewaringswerk die afgelope jaar uitgebrei nie, maar die provinsiale bewarings-owerheid (Erfenis Wes-Kaap) vereis nou van alle vrywillige bewaringsgroepe wat by hulle geregistreer is om ’n vaste, amptelike sekretaris te hê.

Wat benodig die Stigting?
a) ’n Vrywillige sekretaris (dit sluit -esse in), om ’n kwartiertjie of minder per week diens te lewer, ter wille van bewaring. Alle komiteewerk is vrywillig, vir die goeie saak, en dus onbetaald.
b) ’n Vaste posadres. Voorheen was ons posadres ‘Kasteel de Goede Hoop, Posbus 1, Kaapstad, 8000.’ U huisadres kan nou een van kultuurbewaring se belangrikste adresse word.
c) Skakeling deur middel van internet met ons lede en die internasionale wêreld.
d) Stel af en toe met die Voorsitter (per telefoon) ’n agenda op vir ons kwartaallikse komiteevergaderings in die Kasteel. Ons Verspreider versprei dit onder komiteelede.
e) Hou notule van vergaderings, vyf of ses maal per jaar.
e) Liaseer en bewaar ons notules, nuusbriewe, ens. in ons lêer.

Ons vra enigeen wat kan lees en skryf en ’n bydrae tot historiese kultuurbewaring in die land wil maak, om asseblief Voorsitter Leon Hattingh te skakel (tel. 021-851-5374) en aan te bied om die belangrike pos van ons Sekretaris te vul. Kultuurbewaring in Suid-Afrika sal u vir altyd dankbaar wees.

*Behouwde Vaert*

D.SLEIGH (Redakteur: ‘*Generale Missive’)*

---

**LEDEGELD 2011 STIGTING VOC LEDEGELD 2012**

Aan: Die Tesourier, Stigting VOC, Op den Akker, Upper Mountainweg, Somerset-Wes, 7130.

Naam:…………………………………………………………………………………
Adres: …………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………..
………………………………………………………………………………….

Telefoon: ………………………………………
Selfoon: ………………………………………
e-pos: ………………………………………

Bedrag ingesluit:
R………………..Ledegeld 2011 [R80]
R…………….. Ledegeld 2012 [R90]
R………………..Vrywillige donasie

---

***BYLAE A:***

NOTULE VAN DIE SESTIENDE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE STIGTING VOC, om 15: 00 op Donderdag, 10 Februarie 2010 in die Ou Werwingskantoor, Kasteel de Goede Hoop.

1. Aankondigings: Die voorsitter verwelkom die lede en hulle gaste.
2. Kennisgewing van bykomende sake: Mnr G. en dr G. Fagan sal 'n geleentheid gegee word om modelle van hulle voorgestelde verbouing aan die s.g. VOC-pakhuis h/v Strand en Breestraat te vertoon en te bespreek.
3. Teenwoordig: 37 lede en gaste**.**
4. Verskoning vir Afwesigheid: Sewe lede.
5. Gasspreker: Die Voorsitter stel die gasspreker, dr I. Meyer, provinsiale minister van Kultuursake, voor. Die gasspreker se toespraak volg. (Sien bylae D)

   D. Sleigh bedank die Minister vir sy toespraak en belangstelling. Vise-voorsitter H. Scheffler oorhandig 'n geskenk van 'n boek (A. Smith and R. Pheiffer (eds.): *The Khoikhoi at the Cape of Good Hope,* deur lid P. Westra voorsien) namens die Stigting aan hom.
6. Notule van A.J.V., 2010: Aanvaar. (Voorstel: J. Mets. Sekondant: N. Walters.)
7. Voorsitter se verslag vir 2010: Aanvaar.(Voorstel: T. Potgieter. Skndt.: J. Metz.)
8. Finansiële verslag, 2010: Aanvaar. (Voorstel: J.Truter. Skndt: H. van Huyssteen.)
9. Verkiesing van Uitvoerende Komitee: Die bestaande komitee is gewillig om nog 'n termyn te dien. Die Voorsitter bedank uitgetrede tesourier G. Wiechers vir jare se diens. Dr N. Walters en mnr. B. de Vries word tot die komitee verkies. Die Komitee bestaan nou uit: Prof. J. L. Hattingh (Voors.) dr H. Scheffler (Vise-voors., Silwer Medalje; Maritiem) mnr B. de Vries (Tesourier) dr C. de Wet

(Akademies), mnr P.E.Westra, (Media), dr D. Sleigh (Nuusbrief), mnr L. Gadezweni, me. A. van Wyk, dr T. Potgieter, mnr F. de Bruin, dr. N. Walters. Portefeuljes sal by die eerste komiteevergadering aan nuwe lede toegeken word.

10. Voorgestelde bewaringsprojekte vir 2011: Die volgende is reeds onder hande:

(a) **Stigtingsdag**: 'n Program in samewerking met die Kasteel en Regiment W.P neem vorm aan.

(b)**Rietvallei gedenksteen:** Sal in komende jaar voltooi en betaal word.

(c) **Gedenkteken VOC-Koina Oorlog, 1659.** Die bestuur het met die Kaapse stadsraad geskakel oor 'n waardige gedenkteken vir die eerste VOC-Koina oorlog om beheer oor die Liesbeekvallei. Die betrokke raadslid se reaksie was entoesiasties, en wanneer goedkeuring gekry word sal die skakeling met inheemse groepe wat met die Skiereilandse Koina assosieer (Gorachoqua, Goringhaiqua, Goringhaicona) asook gesprekke oor befondsing, ontwerp, ens. begin.

(d) **Ms *Die VOC aan die Kaap:*** Dr de Wet berig dat vier hoofstukke nog uitstaande is, waarvan twee amper klaar is. Daarna sal prof G. Schutte die oorsigtelike slothoofstuk skryf.

(e) **Voorgestelde naamsverandering:** Rockview Dam na Dorha Dam. die volledige dokumentasie hieroor is in Oktober 2010 in die Dept. van Waterwese (Bellville se hande. Nog geen reaksie.

(f) **Bewaring en replikasie VOC -baken,** Geelbeksfontein: 'n Afspraak vir 'n ontmoeting is met die nuutaangestelde SANPark-amptenaar gemaak.)

(g) **Deproklamasie van sg. Van Riebeeck-heining**: Gesprek met SAEHA sal voortgesit word. 'n Lid wat anoniem wil bly bied aan om 'n verbeterde inligtingsbord i.p.v. die bestaande te borg, indien nodig.

(h) **Uitstappies / Groepbesoeke**: Die volgende word vir vanjaar beplan, na plase met VOC-geskiedenis en interessante argitektuur:

* *Vergelegen.*
* *Meerlust.*
* *Babylons Toren.*
* Drie dae bustoer na buiteposte Mosselbaai, Outeniqualand en Plettenbergsbaai is onder oorweging.

11. Bykomende Sake: (a) Mev. Fagan vertoon en bespreek die beplande boukundige veranderings aan die s.g. VOC-pakhuis, h/v Strand- en Bree Straat. Dit is 'n besonder interessante projek, 'n merkwaardige poging om die moderne ontwikkeling met die 18de-eeuse styl te probeer versoen. Verskeie vrae word gevra. Die Voorsitter vra lede wat besware teen die projek het, om dit skriftelik aan hom te stuur. Die Uitvoerende Komitee sal dit bespreek en 'n voorlegging aan die Stadsraad se Erfenis-kantoor maak.

12. Afsluiting. Die Voorsitter bedank Mnr en dr Fagan vir hulle moeite en interessante voorlegging. Hy bedank die komitee vir die afgelope jaar se werk, kaptein Morkel vir die lokaal, Iziko Museums vir die tafels en stoele, en lede A.

van Wyk, P. Westra, H. en E. van Huyssteen vir verversings en o.a. elektriese waaiers. Hy versoek lede om hulle ledegeld by die geleentheid te betaal, en die Stigting se lapelspeldjie aan te skaf. Hy bedank lede vir hulle vrywillige bydraes.

13. Sosiaal en Heildronk: "*Huis van Oranje*!".

…………………………
J.L. HATTINGH (Prof.) (VOORSITTER)

…………………………
D. SLEIGH (Dr.) WAARNEMENDE SEKRETARIS

DATUM:

**BYLAE B*:* Voorsittersverslag (<u>Leon voorsien aan Piet</u>) hier in:**

**BYLAE C: Finansiële jaarverslag (Boudewijn <u>voorsien aan Piet</u>) hier in:**

**BYLAE D: Min. Meyer se toespraak, <u>teks aan Piet voorsien</u>:**